
# Leesbegrip

Naam:

**Luister na die storie en bespreek dit.**

**Die haas en die hond**



Eendag het ŉ hond saam met sy baas gaan stap. Terwyl hulle stap, snuffel die hond orals rond. Onder een van die bosse sien hy ŉ verskrikte haas. Die haas laat nie op hom wag nie en laat spaander soos blits. Die hond sit die haas agterna. Die haas hardloop draaie en swenk vinnig links en dan weer regs. Die hond kan hom nie inhaal nie. Naderhand gee die hond moed op en draf terug na sy baas.



Die hond se baas is teleurgesteld en sê: "Agge nee man! Jy is baie stadig. Ek het nou so uitgesien na haaspastei en nou kry ek niks!"

Die hond luister na sy baas en laat hom maar klaar praat voordat hy hom antwoord. "Dit is so!" antwoord die hond. "Die probleem is net dat die haas en my motivering nie dieselfde was nie. Ek moes hardloop om vir jou ŉ stukkie vleis te bring, terwyl die haas moes hardloop om sy lewe te red."

**LES:** As die motivering reg is, is dit makliker om sukses te behaal.
If the motivation is right, it is easier to succeed.

**Beantwoord die volgende vrae in volsinne, waar nodig.**

1. In die eerste paragraaf leer ons iets van die hond en ook van die haas. Skryf ŉ sin oor elkeen van die diere wat vertel wat jy van die diere geleer het.

   Hond:________________________________________

   ____________________________________________

   Haas: ________________________________________

   ____________________________________________

2. Hoe het dit gekom dat die hond die haas raakgesien het?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

3. Skryf ŉ voorbeeld van ŉ vergelyking in paragraaf 1 neer.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4. Watter rede gee die hond se baas dat die haas vir die hond kon weghardloop?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

5. Waarom dink jy kon die haas vir die hond weghardloop? (Dink aan woorde soos spoed en ratsheid.)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

6. Wat is die les wat jy uit hierdie fabel1 geleer het?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

7. Skryf die meervoude en verkleinwoorde van die volgende woorde.

| **Woord** | **Meervoud** | **Verkleinwoord** |
|---|---|---|
| haas | | |
| hond | | |
| baas | | |

*1 ŉ Fabel is ŉ kortverhaal, dikwels met ŉ lewensles, waarin menslike foute en deugde deur diere uitgebeeld word.*

© e-classroom 

# Antwoorde

(Uiteensetting van sinne en woordeskat sal van leerder tot leerder verskil.)

**Beantwoord die volgende vrae in volsinne, waar nodig.**

1. In die eerste paragraaf leer ons iets van die hond en ook van die haas. Skryf ŉ sin oor elkeen van die diere wat vertel wat jy van die diere geleer het.

   Hond: ***Die hond is nuuskierig, want hy snuffel orals rond. Die hond ruik baie goed. Die hond wil die haas vang.***
   Haas: ***Die haas is verskrik (bang). Die haas kan baie vinnig hardloop. Die haas is baie rats.***

2. Hoe het dit gekom dat die hond die haas raakgesien het?
   ***Die hond het orals rondgesnuffel en die haas onder die bos raakgesien.***

3. Skryf ŉ voorbeeld van ŉ vergelyking in paragraaf 1 neer.

   ***Soos blits. (Baie vinnig te hardloop.)***

4. Watter rede gee die hond se baas dat die haas vir die hond kon weghardloop?

   ***Die hond is nie vinnig genoeg nie.***

5. Waarom dink jy kon die haas vir die hond weghardloop? (Dink aan woorde soos spoed en ratsheid.)
   ***Die haas was baie bang. Die haas kan baie vinnig hardloop en die haas kan ook vinnig van rigting verander. (Die haas is baie rats en swenk vinnig van links na regs.)***

6. Wat is die les wat jy uit hierdie fabel geleer het?
   ***As jy die regte motivering het, kan jy makliker sukses behaal.***

7. Skryf die meervoude en verkleinwoorde van die volgende woorde.

| Woord | Meervoud | Verkleinwoord |
|---|---|---|
| haas | ***hase*** | ***hasie*** |
| hond | ***honde*** | ***hondjie*** |
| baas | ***base*** | ***basie*** |